



1ste kwartaal 2013

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-beloofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

E-pos ontvang 3 Januarie 2013

Liewe Gemeente en Sending-stuur span

Die konsep van God se genade vir ons het die afgelope week weer nuut in my hart vasgeknoop, terwyl ek Lukas 1 gelees het. Die Engelse vertaling sê dit vir my so mooi “Because of the tender mercy of our God” het die Messiah mens geword sodat ons gered kon word. Terwyl ek oor en oor gedink het aan die “tender mercy of our God” en hoe dit in ons lewens ingewef is het my bediening in Kambodja ook in my gedagtes kom lê. (“Tender mercy” - innige, sorgvuldige, sensitiewe en tere barhamhartigheid). Die 16de Januarie is dit 16jaar wat ek in Kambodja is – dit was/is slegs moontlik deur Sy genade. Die voorreg dat ek hier mag dien was/is slegs deur Sy genade, die bedienings waarby ek betrokke was/is slegs deur Sy genade en die voorsiening op alle vlakke (vir die bediening en my persoonlik) was/is slegs deur Sy genade. Die voorreg dat julle as gemeente en individue oor my pad gekom het was/is slegs deur Sy genade- dankie vir julle omgee en saam loop. Ek wil vir julle dankie sê vir julle ondersteuning deur gebed en finansies in 2012 en al die vorige jare, sommer net dankie.

Mag julle die “tender mercy of our God” in julle menswees en lewe ervaar gedurende 2013.

E-pos ontvang 10 Januarie 2013

VERITAS NETWERK KAMBODJA

Geskiedkundige gebeurtenisse!!!

Ek is opgewonde om te kan deel dat ons **registrasie goedgekeur** is deur die regering!! Dankie vir almal wat saam gebid het.

Ons het ons **eerste amptelike bestuurs vergadering** gehad - Ivan en Esmé was in Kambodja en saam met ons vir dit.

Nuusbrief Januarie 2013

BAMBOO SHOOT

Prek Pcoam Sok se 'village' voedingskema en skoolfonds bediening. Die dae wat die 23 kinders rys ontvang word daar 'n behoorlike evangelisasie program deur Sok aangebied. Baie van die kinders het hul lewe vir Christus gegee. Ons het dankie sê briefies vanaf die skole ontvang omdat kinders deur die bediening bemaagtig word om skool toe te kan gaan.

Nie te arm om te kan deel nie

Ons leer kinders by al twee die voedingskema bedienings punte om van wat hulle ontvang te gee aan ander wat nie het nie. Die seuntjie gee 2kg van die 15kg rys wat hy ontvang aan ander arm kinders.

Die **voedingskema in Angdong TaÉen** is aangepas omdat ons geen verbetering in lewenstyl gesien het nie – die kinders moet nog steeds nagte uitgaan in die strate om blommetjies te verkoop. Dit was ook onder ons aandag gebring dat van die ouers dobbel. Dit is nou net ou mense (13) en kinders (35) wat deur die bediening 15 kg rys per maand ontvang. Dié verandering gaan definitief ons Donderdagmiddae kerkplanting/evangelisasiebyeenkomste beïnvloed. Die mense wat slegs vir rys gekom het sal nou wegbly. Ons het besluit om meer te fokus op vriendskaps-evangelisasie en nie slegs op die Donderdae byeenkomste nie. Daarom doen Gime en ek nou Sondagmiddae huisbesoeke terwyl Nary 'n kinderkerk lei (±50 kinders)

VERITAS NETWORK KAMBODJA

Beradingsopleiding raak diep

Dié week het ek die fasiliteerders se opleiding vir Module 3 afgehandel. Ek het net weer eens besef hoe baie ek daarvan hou om op te lei deur verskillende aanslae te gebruik om mense toe te rus om te kan verstaan, leer en te onthou.

Gister het ek die hoofstuk t.o.v. berading gedoen. Ek het heelwat tyd gebruik dat hulle verstaan wat 'n mens se 'worldview' bepaal en hoe dit totaal in ons menswees geïntegreer is. Ek het dit nodig gevind om eers dié basis te lê voordat ek die konsep van 'Bybelse berading' aanbied.

Ons het 'n praktiese beradingsessie in die middel van die aanbieding gehad. Ek het net weereens besef dat wettisisme versmoor en genade lewe en bevryding gee. Heelwat goed het gedurende die sessie oopgebreek; dit het 'n baie praktiese lering geword. Ons het nader aan mekaar gekom, maar was ook emosioneel moeg na die tyd. My hart bly maar in berading en ek bid dat God vir my deure sal oopbreek om Pastorale berading te kan studeer.

Suid-Afrika besoek

Sok, Saran en ek is baie opgewonde om weer saam RSA te besoek. Sien datums van gemeentes waar ons sal praat hieronder. Ons wil graag by soveel as moontlik selgroepe uitkom en is ook voorbereid vir kinderbediening. Sou jy vir ons kan reël of graag die hele program wou ontvang vir voorbidding, kontak my ASSEMBLIEF by alta@veritascollege.org. RSA kontakte vir reëling is Tinus 0828217416 of Marinda 07836510828.

Bid en loof saam

Veritas

- Visas ontvang vir SA en Malta
- Die Here se guns oor ons tyd in RSA en Malta
- Vanna wat alleen in KH agterbly en verantwoordelik is vir al die opleiding

Bamboo Shoot

- Lof oor die impak van die voedingskema
- Angdong Ta'En.

e-Saaier (Bybelgenootskap van Suid-Afrika)

Uittreksel uit Desember 2012 nuusbrieff

Vyf duisend Bybels verkoop binne twee uur

Om vyf duisend Bybels binne twee uur te verkoop wil gedoen wees. Op 24 November 2012 is die eerste ooit volledige isiNdebele Bybel by die Solomon Mahlangu Stadion in KwaMhlanga bekendgestel. Mense het, ten spyte van swaar reën, van heinde en verre gekom om in die vreugde te kom deel en hierdie kosbare boek in hulle eie taal te bekom.

In een van die groot tente met sy oë toe, sit 'n ou man geklee in tradisionele kerkdrag. Hy is Rev Elijah Mtsweni (90), 'n man vir wie dit so belangrik was dat sy mense die Bybel in hulle eie taal moet ontvang dat hy besluit het om iets daaraan te doen. Hy het reeds in die 1970's die Bybelgenootskap ingelig oor die behoefte aan 'n Bybel in isiNdebele. Vandag is hy hier om namens sy mense hierdie Bybel in ontvangs te neem.

Uittreksel uit Januarie 2013 nuusbrieff

Meer as 'n miljoen Bybels versprei

Verlede jaar het die Bybelgenootskap byna 1,5 miljoen (1 492 230) volledige Bybels in Suid-Afrika versprei. Hiervan was 1 074 605 gedrukte Bybels, 414 932 Selfoonbybels en 2 693 e-Bybels.

Die meeste Bybels wat versprei is, was in Engels (317 312) gevolg deur isiZulu (214 270) en Afrikaans (151 433). Die topverkoper was die isiZulu Bybel, 1959-vertaling met hersiene ortografie waarvan daar meer as 200 000 eksemplare versprei is.

Die meeste Afrikaanse Bybels was in die 1983-vertaling (99 176) gevolg deur 52 257 eksemplare van die 1933/1953-vertaling. Daar is ook meer as 205 000 Afrikaanse Selfoonbybels afgelaai.

Nuusbrief November 2012

Die kerkgebou

Die gebou het nou al `n vloer en die kansel is klaar ingebou. Die dak moet nog gedoen word, maar die fondse wat ons uit Klerksdorp gekry het vir die kerk, het slegs die arbeid gedek. Ons kort nog geld om die dak te doen. Dit is `n projek wat ons begin het en ons wil dit graag deurvoer en klaar maak. Ons het gehoop ons sal dit kan inwy teen 23 Desember.

Ons toekoms

Ons het met die Sinodale "Executive" vergadering op 6 November, die Tumbini Sinode finaal gegroet. Hulle het nou vir ons 'n oorplasingsbrief gegee om na die Novo Sinode in die Suide te skuif. Ons gaan daar met 'n nuwe radio projek vroeg in volgende jaar gaan begin.

Ons is tans in die proses om te trek na die Suide van Mosambiek. Die deure na Maforga is vir ons toe gemaak. Ons sou deel wees van `n gemeenskap en sou finansieel baie moes bydra, wat ons nie meer kan doen na ons vermindering in ondersteuning nie.

Maar die Here het vir ons `n deur oop gemaak waar ons met ons visie wat ons van die begin af gehad het, kan werk en sodoende `n gemeenskap van 150 000+ inwoners kan bereik, deur die Gurue Radio Projek te dupliseer in Xai Xai.

Na die radio projek se afsluiting sal ons finaal afskuif Suide toe. Ons is nou in Kiro's tyd en wag om te sien wat die Here in gedagte het. Vroeg in Januarie vertel ons julle van ons totsiens aan Gurue en ook die afsluiting vir die Radio Projek vir 2012.

Die Here was so goed vir ons, mens bid altyd vir beskerming op die pad, maar besef nooit hoe werklik dit is voor jy nie sien hoe die Here regtig Sy Hand oor ons hou nie. Ons het vir amper 230km `n skuur geluid gehoor, Allen het gaan kyk, alles het normaal gelyk. Toe ons stop voor die nuwe huis, val die sleepwa se wiel uit, "bearings en hub" moeg.

Bid asseblief saam met ons dat ons God se hartklop sal hoor en nie ons sin nie, en ten volle sal beweeg onder Sy Wil en Beskerming.

Nuusbrief Januarie 2013

ONS GROET GURUE

Die afsluiting van die radio projek het goed verloop. Ons kon vir oulaas heerlik saamkuier. Die groetery was maar `n hartseer storie. Ons sal verseker die mense en hulle vriendelikheid mis. Maar ons weet dat die Here nuwe planne met ons het, sowel as in Gurue. Ons kon ongelukkig nie die kerkgebou inwy nie, want daar was nie genoeg tyd om die dak te laat slaan met al die Mosambiekse feesdae nie. Die dak sal nou vroeg in die jaar opgesit en ingewy word. Ons sal dit ongelukkig weens finansies nie kan bywoon nie.

Ons het ook `n afsluiting gehad saam met die pastore in die dorp, ander buite die area het ook kom groet. Ai, sommige het trane in die oë gehad, ander het ons om die skouers gevat en ander het sommer bitterlik gehuil omdat ons weggaan. Dit was vir ons baie sleg om hulle te groet, maar ons weet ons moet gaan en plek maak vir `n nuwe bediening. Ons glo hierdie bediening kan mense wat reeds gehoor het deur middel van die radio projek, maar in geen kerk is nie, bymekaar bring in `n gemeente opset. Ons is ook baie opgewonde en sit in verwagting om te sien wat die Here hier in Gurue gaan doen.

Ons het op 2 Januarie finaal uit Gurue gery en laat slegs ons spore na saam met dit wat die Here deur ons kon doen, dit was `n eer om vir Hom hier te kon werk.

HOOGTEPUNTE WAT ONS SAL ONTHOU

Toe ons hier aangekom het, het ons net geweet die Here het ons geroep. Met die jare het ons gedoen wat Hy verwag het. Ons dink terug aan die dae toe ons hier gewoon het, daar was goeie sowel as slegte tye.

Ons hoogtepunte was die eerste radio uitsending, daarna die nuwe kerkies wat gestig is, die twee programeerders wat pastore geword het. Die oprig van die Woordskool en ook opleiding van die ouderlinge en die outjies wat evangeliste geword het, goeie bakens. Daar is ook predikante in ons midde aangestel. Dan

dink ons ook aan die twee nuwe gemeentes in Pebane wat gestig is na ons eerste uitreik, en die bou van die kerk op die eiendom van die IRM (eersdaags sal daar ook `n gemeente vir Gurue dorp wees).

Maar bo als is ons ook dankbaar en waardeer ons julle gebede. Ons was bevoorreg om vir sewe jaar hier te kon bly en werk, als ter ere van die Here. Hy en Hy alleen het ons die uithou vermoë, goeie gesondheid en geduld gegee. Ons is dankbaar dat Hy ons gedra het tot nou toe en gaan ons bes doen om Hom nie teleur te stel in die volgende fase van diens ter wille van Sy Koningryk nie.

Baie mense het gesê ons is besig met vele projekte wat op een slag werk, terwyl ander sendelinge net by een projek betrokke is. Ons is bietjie uitgebrand ja. Daarom dink ons ook het die Here ons op `n plek geplaas waar ons kan rus, maar ook kan besig wees sonder om uit te brand deur nie in `n emosionele en intense betrokkenheid met die mense op die grond te wees soos wat ons hier in Gurue was nie.

TOEKOMS

As dit die Here se wil is, sal ons later van tyd weer in die buite wyke van die dorp en in die nedersettings rondom ons betrokke raak, maar eers moet ons `n nuwe radio projek op die been kry.

PERSOONLIK

Allen het intussen twee keer weer malaria gehad en sukkel om weer beter te word. Sy gestel is nie so opgewonde oor die malaria nie. Ansie het `n noue ontkoming gehad met `n battery wat ontplof het reg langs haar. Van die battery water (assit) het in haar gesig gespat, maar dankie aan die Here dat die water haar nie gebrand het nie. Sy het die batterywater met suurlimoensap afgewas.

Dankie vir die gemeentes wat ons getrou ondersteun het. Ons is jammer oor diegene wat ons gaan verloor, mag die Here julle gebruik waar Hy julle lei. Aan die ander: ons sal binnekort kontak maak om ons besoeke vir 2013 met julle te bevestig.

GURUE Radiobediening - MOSAMBIEK

Nuusbrief 30 Oktober 2012

Sedert die laaste nuusbrief no. 21 van Juliemaand het daar heelwat interessante gebeure plaasgevind en is dit 'n voorreg om daarvan verslag te doen. Die leiersberaad van Augustusmaand wat aangebied was in Centurion deur UCB-Africa is deur Freddie Swart bygewoon as verteenwoordiger van die Gurue Radiobediening. Afgevaardigers van UCB-International versprei oor die hele wêreld was teenwoordig en was dit werklik 'n unieke ervaring gewees om in sulke uitgelese geselskap 'n nuwe wêreldvisie te ontwikkel. Alhoewel Gurue radiobediening klein is in vergelyking met die groot Radio- en TV stasies teenwoordig, was daar tog groot waardering gewees vir die werk in Gurue om die evangelie na onbereikte volke te neem.

Tussen 5 en 8 Oktober is Gurue besoek deur Dr Roelf Petersen (MD UCB-Africa & Radio Kansel), ds Anthonie Welman en Freddie Swart as direkteure van Gurue Radiobediening. UCB-Africa het verantwoordelikheid aanvaar vir die. Die hoofdoel van die besoek was om die impak van die Van der Merwes se vertrek uit Gurue op die radiobediening te bepaal en die gehalte van die radiobediening ten opsigte van programinhoud, toerusting en prestasie van die program vervaardigers te evalueer.

Allen en Ansie se plek word ingeneem deur Dirk en Alida van der Schyff wat as interkerklike sendelinge gaan funksioneer, maw nie onder die beheer van die plaaslike Igreja Reformada Kerk nie. Hulle gaan wel die huis huur waarin Allen-hulle tans bly. Allen het met Dirk en sy gesin gereel om Saterdag, 6 Oktober teenwoordig te wees om die direkteure van GRM te ontmoet vir ondersoekende gesprekke ten opsigte van hulle moontlike betrokkenheid by die Radiobediening. Hulle het aangedui dat hulle gewillig is om Allen se rol oor te neem.

Tydens die vergadering met die Omwiwa Yesu Bestuur (ongeveer 30 lede – almal pastore) op 6 Oktober is volledig verslag gedoen van al die aspekte van hul aktiwiteite. Allen en Ansie se beplande vertrek was egter vir hulle 'n bekommernis en het hulle bevestig dat hulle nog nie reg is om volle verantwoordelikheid vir die Bediening te aanvaar nie. Dirk van der Schyff en sy gesin is toe aan hulle bekend gestel met die reeling dat verdere gesprekke in Suid Afrika sal plaasvind om dit te

formaliseer. Gesprekvoering met die programvervaardigers het verskeie aspekte van hul bediening na vore gebring o.a. dat hulle verdere opleiding in die vervaardiging van radioprogramme wil ondergaan. Dr Roelf het sedertdien met Transwêreld Radio (TWR) in verbinding getree vir sodanige opleiding by hul radiostasie te Macuba, suid van Gurue, en het hulle daartoe ingestem. Die gemeenskapsradiostasie te Gurue is ook deur die direksie besoek en kon Dr Roelf waardevolle inligting verkry met sy agtergrondskennis van die radio as kommunikasie medium.

Die uitkoms van die vergadering met die Omwiwa Yesu Bestuur was baie positief gewees. Dit was duidelik dat die bediening baie goed bestuur word en die oorweldigende reaksie van luisteraars deur middel van briewe het selfs Dr Roelf aangenaam verras. Hy het dan ook UCB-Africa se volgehoue ondersteuning opnuut beklemtoon en sy tevredenheid met die gehalte van bestuur en hantering van die finansies uitgespreek.

Die opvolgvergadering met Dirk en Alida van der Scyff het plaasgevind op Donderdag, 18 Oktober te Radio Kansel se kantore in Pretoria. Teenwoordig was ds Anthonie Welman, ds Karel Verhoef en Freddie Swart (GRM Direksie), Allen en Ansie van der Merwe, Dirk en Alida asook Dr Roelf Petersen op uitnodiging. Dirk het sy roeping en missie in Gurue verduidelik en tot 'n groot mate rustigheid gebring ten opsigte van sy teenwoordigheid daar. Sy verantwoordelikhede en vergoeding vir sy betrokkenheid as ateljeebestuurder by die radiobediening is met hom gedeel en het hy opnuut bevestig dat hy homself daartoe verbind. Verskeie aspekte van die bediening is bespreek ten einde die funksionaliteit en die kwaliteit daarvan te verhoog. Allen sal Dirk volledig toerus vir sy taak alvorens hy en Ansie in Desember verhuis.

'N groot **DANKIE** aan al die getroue ondersteuners sedert die beginjare. Die eerste program is uitgesaai op 13 November 2007. Vanjaar is dus 5 jaar dat die bediening aan die gang is en dit is net moontlik gemaak deur julle bydraes.

'N baie belangrike onderdeel van die ondersteuning van die bediening is gesetel in gebed. Dit is net natuurlik dat ons in gesprek sal gaan met God, ons Vader, wat die bediening geïnisieer het. Praat met Hom oor Dirk en sy gesin, Allen en Ansie, Omwiwa Yesu Bestuur, programvervaardigers, gemeenskapsradio en veral die

luisteraars. Dank Hom vir die uitkoms van die afgelope weke se gesprekke in Gurue en plaaslik en vra vir wysheid en insig om binne sy wil te bly.

Nuusbrief -15 Januarie 2013

Ons vertrou dat al ons lesers 'n baie geseënde Kersfees geniet het. Ook dat in die naloop van Kersfees elkeen opgewarm is om hierdie selfde Jesus, wie se geboortedag ons herdenk het met vreugde in ons harte, op welke wyse ookal bekend te stel aan 'n wêreld wat nog nie van Hom gehoor het nie. Dit is dan ook ons voortgesette doel vanjaar om deur middel van die radio God se genade aan verlorenes in die Gurue omgewing bekend te maak.

Sedert ons laaste skrywe einde Oktober 2012, is die jaarlikse vieringe van Omwiwa Yesu op 22 Desember in Gurue gehou. Hierdie was 'n besondere geleentheid aangesien dit vyf jaar gelede (13 November 2007) was dat die eerste program oor die gemeenskapsradio se sender uitgesaai was. Soos gebruiklik was invloedryke persone uit die gemeenskap genooi om hieraan deel te hê en is daar tydens die geleentheid 'n oorskou gegee van die groei en aktiwiteite van die bediening. Allen berig dat daar nie baie mense was nie aangesien dit bietjie laat in die jaar was en baie was besig met hul eie programme. Alhoewel die radiostasie se bestuurder ook nie teenwoordig was nie het hy wel verteenwoordigers gestuur. Dirk en Allen het beide gepreek en het 'n jeugkoor liedjies gesing. Soos gewoonlik is opnames gemaak vir latere uitsending en is die dag afgesluit met 'n ete.

Allen en Ansie het toe finaal van Gurue vertrek op 2 Januarie vanjaar om hulle in die suide van Mosambiek by Xai-Xai te vestig. Ons wil dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om vir hulle 'n groot dankie te sê vir die werk wat hulle gedoen het om die radiobediening te vestig en uit te bou. Allen het die tweedehandse rekenaars op 'n wonderbaarlike wyse aan die gang gehou en nog opleiding ook verskaf in die hantering daarvan aan mense wat geen begrip van 'n rekenaar gehad het nie. Verder het hy gehelp om die gebou te voltooi en die sonkragstelsel te installeer asook om die Bestuurskomitee van Omwiwa Yesu te fasiliteer in die bestuur van die bediening. Hy het ook begin om "Whirley Birds" in die dak te installeer ten einde lugsirkulasie in die vertrekke van die ateljee te verbeter, maar kon dit ongelukkig nie voltooi nie en het Dirk daardie verantwoordelikheid op hom geneem.

Intussen het ons ook 'n "skoon" ouditverslag ontvang vir die 2011/12 finansiële jaar. Ons inkomste het in die 2012/13 finansiële jaar egter gedaal terwyl ons uitgawes gestyg het. Ons het begrip daarvoor dat die sukkelende ekonomie ons almal negatief affekteer en ons begrotings ingekort word om te oorleef. Dit dwing ons terselfdertyd om opnuut oor sekere uitgawes te besin om te verseker dat die bediening volhoubaar bly. Dankie by voorbaat vir u volgehoue ondersteuning ten spyte van bogemelde faktore.

Bid asseblief vir:

- Dirk en Linda van der Scyff en hul twee kinders;
- Die vier program vervaardigers en die programinhoud;
- Die Omwiwa Yesu Bestuur;
- Toenemende guns by die owerhede; en
- Ontvanklike harte by die luisteraars.

LAUDIUM

Verslag ontvang vanaf Johan Naudé: 23 Oktober 2012

En so spoed nog 'n jaar einde se kant toe. Nog 'n jaar waarin ons die voorreg gehad het om iets omtrent Jesus in die lewens van mense in te bou. Ons is so dankbaar teenoor die Here vir elkeen van die tien tot vyftien mense wat op Maandae-aand tyd opsy sit om saam met ons besoek-werk te doen in Laudium. En ook vir elkeen wat dit vir ons moontlik maak, hetsy deur middel van voorbidding, finansiële ondersteuning, skenkings om op verskeie maniere, die Evangelie van Jesus uit te dra na diegene wat Hom nog nie ken nie.

'n Kort getuienis wat sommer gistersaand weer gebeur het:-

'n Groepie van LOG, het die huis van Reneuka en Suren besoek. Suren het op 'n stadium in sy lewe kerk toe gegaan maar het daarna besluit om terug te draai na die Hindu geloof toe. Reneuka, hoewel sy so 'n vaë idee gehad het van Christenskap, het steeds nog die rooi toutjie om die pols gedra – 'n teken dat die afgod Lutchmee aanbid word om 'good luck' te verseker.

Ons het aan haar verduidelik wat dit werklik beteken om vir Jesus aan te neem, en om Hom te dien. Ons kan nie sê as ons ons lewe vir Jesus gegee het, dan nog vir Lutchmee vra om vir ons 'geluk' te gee nie! Jesus wil ons hele hart en siel hê! Ons het vir haar gevra of sy nie vir Jesus wil aanneem as haar Verlosser en Saligmaker nie.

Sy het daar en dan besluit om die deur van haar lewe vir Jesus oop te maak en om vir Hom gevra om beheer van haar lewe oor te neem. Ons sê toe vir haar – is sy seker sy wil vir Jesus aanbid as die enigste ware, lewende God – en sy sê toe ja. Die vraag wat ons toe aan haar vra is, sal jy dan, as 'n sigbare teken, bereid wees om daardie rooi bandjie van Lutchmee af te sny en dit te verbrand? Sonder enige huiwering het sy 'n skêr gekry, en dit gedoen. Verder het ons vir haar gevra of sy bereid sal wees om dit te verbrand, en weereens sonder enige huiwering het sy dit voor almal verbrand. Bid asseblief vir haar, dat die Here vir haar staande sal hou, te midde van die druk van haar familie - en dat haar man Suren, ook sy weg na Jesus sal vind.

Dit is vir elkeen van ons wat in die huise van mense inkom om die evangelie van Christus te bring aan die wat dit nog nie gehoor het nie, of dalk net weer herrinner moet word aan SY liefde, 'n wonderlike ondervinding en voorreg om te sien as mense hulle lewe vir die Here gee. Dit is nie net vir die persoon wat sy lewe vir die Here gee 'n belewenis nie, maar vir die wat so 'n persoon tot oorgawe bring, nog 'n groter vreugde om te weet Jesus kyk af en sê, dankie My kind, vir jou bereidheid om My Koningryk te vergroot. Wat 'n voorreg is dit nie om aan mense die Verlossings Boodskap te bring nie!

Ons sal op 'n gereelde basis vir hulle besoek om leiding te gee.

Daar is nog steeds 'n groot aanvraag vir Bybels, Engels wat die medium is in Laudium en dan ook in die Shona taal, weens die aantal mense van Zimbabwe wat ons kom besoek. Daar is vandat hierdie projek geloots is, plus minus 300 Bybels al aangekoop, en kort kort dan laat weet hulle asseblief kan ons nog Bybels kry. Ons glo dat mense se lewens aangeraak word deur die Woord en dat Jesus self besig is in Laudium. Dit is baie sigbaar as ons kyk na die getalle wat Sondae in die kerke inbeweeg. Al wat ons kan doen is om die Here te loof en prys vir Sy goedheid.

As Laudium Uitreik Groep – meer bekend as LOG, wil ons vir elkeen baie dankie sê dat julle getrou vir ons bid. Dankie ook aan elkeen wat ons finansieël ondersteun, as

dit nie was vir julle bydrae nie, sou dit nie moontlik gewees het om soveel mense te kon bedien met die evangelie nie. Uit ons harte wil ons regtig vir julle sê baie baie dankie en mag die Here julle ryklik seën.

Verslag oor die aktiwiteite van die “Laudium Outreach Group”
Februarie 2013

1. Uitreike op Maandagaande

Ons dank die Here vir elkeen van die sowat 10 tot 15 lede wat so getrou op Maandagaande hul tyd aanwend om vir die inwoners van Laudium te vertel van Jesus. Die Here weet hoeveel ons elkeen se deelname waardeer, en ek is oortuig daarvan dat die Ewigheid eendag die vrugte hiervan sal openbaar.

Ons het al so gebid dat die Here vir ons meer “arbeiders vir die oes” sal stuur, want die taak is werklik enorm groot hier in Laudium – en toe antwoord die Here en stuur vir ons ‘n groep van 45 studente van “Operation Mobilization” om gedurende die laaste week in Desember, en die eerste week in Januarie saam met ons uit te reik in Laudium. Ons het die geleentheid gehad om saam, in die “Whiteblocks” area, van huis tot huis te gaan en almal – Christen, Moslem en Hindoe mense, te bedien met die Evangelie van Jesus. Die lys van besoekpunte wat na die vertrek van hierdie OM groep saamgestel is, beloop nou reeds 94. Bid asseblief saam met ons vir hierdie mense, dat die sluier wat die duiwel oor hulle verstand getrek het gelig sal word, en dat die Waarheid tot hulle sal deurdring.

2. Die DVD Biblioteek en Bybelverspreiding

Daar is steeds ‘n groot belangstelling in die DVDs sowel as die boeke wat in die biblioteek beskikbaar is. Ons ervaar dit as ‘n ideale geleentheid om die Evangelie tot binne-in die huise van mense in te neem. Dit bied ook aan diegene wat die DVDs uitneem, ‘n ideale geleentheid om hul vriende en familie aan Jesus voor te stel. Ons sal graag, indien moontlik, gedurende die komende jaar ons DVD verskeidenheid verder wil uitbrei.

Bybelverspreiding is ook nog hoog op ons agenda, en Bybels – nie alleen in Engels nie, maar ook in Shona en Tswana is hoog in aanvraag. Hierdie Bybels word teen 'n nominale prys van tien rand per Bybel verkoop, en 'n paar honderd Bybels is alreeds op hierdie manier versprei.

3. Reformed Church in Africa (Charisma) - Veertigste Verjaardagviering

Die Charisma gemeente in Laudium - onder wie se toesig die "Laudium Outreach Group" opereer - het in November sy 40ste verjaardag in Laudium gevier. Hierdie gemeente wat destyds onder leiding van Ds Perold de Beer gestig is, het deur die jare baie "storms" getrotseer, maar het ten spyte van baie teenkantiing nog bly staan – nou al vir 40 jaar. Ons dank die Here vir talle mense wie vir Jesus gevind het weens die werksaamhede van die gemeente.

4. Finansiële Steun

Gedurende die jaar 2012 het ons finansiële ondersteuning deur die NG Kerk Rietfontein, die NG Kerk Moreletapark, die RCA Charisma en die Hatfield Family Church (Northern Campus) asook 'n aantal private donateurs.

Ons dank die Here vir elkeen wat hierdie werk - op watter wyse ookal – veral deur gereelde voorbeding – ondersteuning, en in staat stel om met ons werksaamhede voort te gaan. Mag die sien van die Here op julle rus.

4. Ten Slotte

In Lukas 19 lees ons van Jesus se intog in Jerusalem. Hy het Sy dissipels voor Hom uitgestuur om vir Hom 'n donkie te gaan haal – en Hy het gese, "Maak die donkie los, en as iemand sou vra waarom julle dit doen, se vir hom, "Die Here het hom nodig."

Ek wil vandag waag om te se "Die Here het jou nodig". Sal jy nie dalk jouself aan Hom toewy, en Hom toelaat om jou, as sy donkie te gebruik om juis op

jou rug sy intog in Laudium te kan maak nie?

Ons is gretiglik op soek na ware weergebore mense, wat bereid sal wees om net so drie ure op 'n Maandag aand opsy te sit, om saam met die span, in Laudium persoonlike werk te doen

“Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in Sy oes sal uitstuur.” Dr Collin Pecham van die “Faith Mission” vertel hoe dat hy eendag in sy jong dae by so 'n sending biduur vuriglik gebid het omtrent hierdie saak, en hoe dat 'n ouer broeder, na die gebed, sy ge-eelte hand op sy skouer kom lê het en gesê het, “Collin, how can you ask God to send labourers into His vineyard – if you are not willing to go”?

Dankie vir die geleentheid om hierdie inligting met julle te deel. Dankie ook vir alles wat julle vir ons doen en beteken. Ons waardeer julle.
Baie seën vir julle.

Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Ek is steeds besig om op die Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. **Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.**

*Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg. **In 2012 wou ek graag ten minste 300 borgskappe kry, het gehoop en gebid vir 350, en toe het die Here 377 voorsien!! Alle dank en eer aan die Here daarvoor!***

Indien u deurlopend (so een keer per week via sms – nie tydens skoolvakansies nie) terugvoer wil kry en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:

Ons sorg vir gesinne

Die doel van die Gesin-tot-Gesinprogram is om te help om in die fisiese en emosionele behoeftes van gesinne te voorsien en wel deur die hulp en betrokkenheid van donateurs.

Bystand word verleen aan gesinne wat in geïdentifiseerde gemeenskappe in SSG se veldlande woon. Hierdie program is ontwerp om in die onmiddellike behoeftes van gesinne soos hulle gesondheid en voeding te voorsien en verder om te help om hulle kapasiteit vir selfversorging uit te bou.

Die doelwit van die Gesin-tot-Gesinprogram is om die armste gesinne in geïdentifiseerde gemeenskappe te help om te oorleef en om hulle verder by te staan in hulle strewe vir selfversorging. Dit is 'n uitstekende geleentheid om gesinne geestelik, emosioneel en materieel te help. Ons wil gemeenskappe help om die moeilike omstandighede waarin hulle woon te oorbrug. In 'n poging om die waardigheid van gesinne wat ons bedien te beskerm, word die projek daaraan gewy om in hulle onmiddellike behoeftes soos gesondheid en voeding te voldoen en om hulle verder te help om hul kapasiteit vir selfversorging uit te bou.

Dit is 'n langtermyn projek. Ons gaan voort om hierdie ondersteuning aan gesinne te bied totdat hulle selfversorgend is of totdat die regering 'n meer effektiewe welsynsprogram het.

Ons Gesin-tot-Gesinprogram dien mense sonder inagneming van hulle geloof, etniese agtergrond of politieke sieninge.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy

Sending Sonder Grense

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Koerde

Dana

Mosambiek radiostasie

Allen en Ansie vd Merwe

Gebedsketting

Laudium

Alta Glas

Ds Leon Tait

012-333 2470

Cobus de Waal

082 749 7846

Japie en Ena le Grange

012-331 3953

Alet Briers

012-331 1311

Koenie Goosen

084 652 8773

012 333 5325

Sendinggroete in Christus

Taakspan vir Sending

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.

By voorbaat dank

Sending taakspan